# JOHANNESBURG EAST DISTRICT

## DISTRIK EKSAMEN

## GRAAD 11

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**VRAESTEL 1**

**JUNIE 2011**

**MEMORANDUM**

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

**Hierdie MEMORANDUM bestaanuit 7 bladsye.**

## *Afdeling A – Leesbegrip*

## *Assesseringsriglyne:*

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie – die fokus is op begrip.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede / motivering word oorweeg. Indien die kandidaat nie JA / NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING-vrae, word die punte verdeel:
  - o 1 punt vir WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING en
  - o 1 punt vir die rede / motivering / aanhaling.
- As die leerder se WAAR / ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
- As die WAAR / ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Vals (Fals) kan aanvaar word. (*False* is egter verkeerd, want dit is Engels.)
- As ŉ antwoord ŉ aanhaling is, word die kandidaat nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie. Die aanhaling moet volledig volgens die teks wees,maar die kandidaat word nie gepenaliseer vir spelfoute nie.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite / punte vereis word en die kandidaat ŉ hele reeks gee, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeuse-vrae die letter ASOOK die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 11 JUNIE EKSAMEN
VRAESTEL 1 **MEMORANDUM**

## AFDELING A – LEESBEGRIP

### VRAAG 1 – ARTIKEL
### Só lyk Suid-Afrika se selfoongebruikers [394]

| Vraag | ANTWOORD | Punt | LU | AS | Vlak |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1. | Akkedisse het weinig lojaliteit en verander vinnig om by nuwe aanbiedings baat te vind. | 2 | 2 | 2.1 | 1 |
| 1.2 | 8% | 1 | 2 | 2.1 | 1 |
| 1.3 | Ja.1152 Suid-Afrikaners van alle segmente het aan die peiling deelgeneem. **OF** Nee. Die aantal respondente is te min. | 2 | 2 | 2.1 | 3 |
| 1.4 | Selfoongebruikers se gewoontes/ behoeftes. (Aanvaar altenatiewe antwoorde.) | 1 | 2 | 2.1 | 2 |
| 1.5 | Grassroots: Hulle verteenwoordig die grootste persentasie van die mark.<br>Akkedisse Hulle verander maklik van kontrak.<br>Olifante: Hulle bestee die meeste.<br>Magpie: Hulle het die grootste groeipotensiaal.<br>(**Enige een. Sinvolle gebruik van die tabel bepaal die punt.)** | 2 | 2 | 2.1 | 4 |
| 1.6 | EIE OPINIE – Leerder moet met EEN tipe selfoongebruiker identifiseer en ‘n rede gee. | 2 | 2 | 2.1 | 3 |
| | | | | | **SUBTOTAAL – 10** |

### VRAAG 1 – Spotprent
### Dié assistente maak blindes bly [373 woorde]

| Vraag | ANTWOORD | Punt | LU | AS | Vlak |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.7 | Siende mense / Mense wat kan sien. | 1 | 2 | 2.1 | 2 |
| 1.8 | Onsekerheid oor elke stappie. | 1 | 2 | 2.1 | 1 |
| 1.9 | Hy bevorder hulle openbare beeld / Hy hanteer hulle openbare aangeleenthede. Hy doen hulle media-skakeling / Hy poets figuurlik die beeld blink. (**Enige een**) | 1 | 2 | 2.1 | 4 |
| 1.10 | Hy het empatie / simpatie met blindes.√ Hy sê hulle lot is ‘ongelukkig’ | 2 | 2 | 2.1 | 3 |
| 1.11 | Die gebruik van ‘n kierie teenoor die gebruik van ‘n gidshond.<br>(**Moet beide sake noem**). | 1 | 2 | 2.1 | 2 |
| 1.12 | Die Gidshondvereniging het Pieter gehelp om onafhanklik / beweeglik te wees. | 1 | 2 | 2.1 | 4 |
| 1.13 | Dit beklemtoon dat die Gidshondvereniging nie genoeg geld het nie en dus donasies nodig het. | 1 | 2 | 2.1 | 3 |
| 1.14 | … dit vir die blindes onmoontlik / onbekostigbaar wees om gidshonde aan te skaf. | 1 | 2 | 2.1 | 5 |
| 1.15 | Om saam te praat / Om 'n bydra te lewer / te gee. | 1 | 2 | 2.1 | 3 |
| 1.16 | Die leser se aandag word gevestig op die oproep om geldelike hulp / finansiële ondersteuning / bydra wat hy kan maak. (**Enige een**) | 1 | 2 | 2.1 | 2 |
| 1.17 | Om simpatie vir die blindes te wek / Om die Gidshondvereniging te bemark / Om ondersteuning vir die Gidshondvereniging te kry. (**Enige twee**) | 2 | 2 | 2.1 | 2 |
| | | | | | **SUBTOTAAL – 13** |

**VRAAG 1 – Spotprent**
**[10 woorde]**

| Vraag | ANTWOORD | Punt | LU | AS | Vlak |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.18 | Die spreker staan bo-op 'n platform/verhoog/kansel en spreek die gemeente / aanwesiges toe. / Stem dreun van BO op gemeente neer. / Die praatborrel word uitgehef as gesaghebbende woorde. | 1 | 2 | 2.1 | 4 |
| 1.19 | Leerder se eie respons op of die vrou in die voorgrond onderdanig aan haar man is of nie. (Ja of Nee) met gepaste motivering. Die motivering bepaal die punt. | 1 | 2 | 2.1 | 1 |
| 1.20 | Vrouens moet ondergeskik wees aan hul mans. / Vrouens moet hul mans gehoorsaam. (**Enige een**) | 1 | 2 | 2.1 | 2 |
| 1.21 | Hulle glimlag tevrede. / Hulle gesigsuitdrukkings wys dit. | 1 | 2 | 2.1 | 2 |
| 1.22 | Die woorde in die praatborrel is juis op hulle van toepassing. Mans is nie werklik altyd die sterker geslag nie. Spot met verhouding tussen mans en vroue. / Tradisioneel is mans sterker. Al is hulle klein en swak, gebruik hulle soms Bybelse waarhede om vroue te onderdruk. | 1 | 2 | 2.1 | 3 |
| 1.23 | Hy is ontsteld / bekommerd / bang / angstig. (**Enige een**) | 1 | 2 | 2.1 | 2 |
| 1.24 | Die vrou gaan nie meer aan die man onderdanig wees nie. / Die rolle gaan omgekeer word. / Niks gaan verander nie, want die vrou gaan in beheer bly. / Daar gaan balans in die rolle gevind word - vroue se potensiaal gaan net soveel as mans s'n ontwikkel word (**Enige een**) | 1 | 2 | 2.1 | 3 |

| Vlak | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal vrae | 4 | 8 | 7 | 4 | 1 |
| Totaal Vrae | 24 | 24 | 24 | 24 | 24 |
| % | 17% | 33% | 29% | 17% | 4% |

**SUBTOTAAL - 7**

**TOTAAL AFDELING A - 30**

**AFDELING B – OPSOMMING**
**VRAAG 2.**

Nasienriglyne

- Ken 'n punt toe vir elke korrekte sin = 7 punte.
- Beoordeel taal en styl = 2 punte
- Skryf volsinne, geen taalfoute, hoogstens drie spelfoute = 2 punte
    - o Taalfoute en hoogstens ses spelfoute = 1 punt
    - o Telegramstyl = 0
- Kontroleer dat aantal woorde nie oorskry word nie.
    - o Aantal woorde korrek en korrek aangedui = 1 punt
    - o Aantal woorde oorskry of nie korrek aangedui nie = 0 punte
- **Sien slegs na tot 80 woorde. (Die kandidaat verbeur dan die punt vir die korrekte aantal woorde.**

**7 + 2 + 1 = 10**

Moontlike Opsomming

**Merk die volgende feite:**

1. Soek positiewe mense met wie jy kan en wil assosieer.
2. Woon motiveringspraatjies by.
3. Lees maandeliks 'n boek oor selfverryking.
4. Besoek suksesvolle mense in jou omgewing en luister na hulle idees.
5. Skryf spesifieke doelwitte wat jy wil bereik, neer.
6. Kry vir jou 'n mentor by wie jy vir raad kan aanklop.
7. Leer uit foute en probleme.

**OF**

Soek positiewe mense met wie jy kan en wil assosieer en woon motiveringspraatjies by. Lees maandeliks 'n boek oor selfverryking. Besoek suksesvolle mense in jou omgewing en vra hulle uit oor hulle idees. Skryf spesifieke doelwitte wat jy wil bereik, neer. Kry vir jou 'n mentor by wie jy vir raad kan aanklop. Leer uit probleme en foute en beskou dit as ervaring.

[62 woorde]

**TOTAAL AFDELING B - 10**

**AFDELING C – TAAL**
**WOORDSTRUKTURE**
**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- **Spelling moet korrek wees.**
- Indien woorde met 'n hoofletter aangebied is, word dit as korrek aanvaar.
- Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.

**Vraag 3 – LEESSTUK**
**Mo het diep in SA seharte ingekruip [442 woorde]**

| Vraag | ANTWOORD | Punt | LU | AS | Vlak |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | Hy is **kniediep** in die moeilikheid. | 1 | 4 | 1.6 | 2 |
| 3.2 | Jy raak baie lief vir Mo. | 1 | 4 | 2.6 | 1 |
| 3.3 | energie. | 1 | 4 | 1.4 | 1 |
| 3.4 | glimlaggie (**spelling**) | 1 | 4 | 1.5 | 1 |
| 3.5 | bal | 1 | 4 | 1.1 | 1 |
| 3.6 | Geliefde / Einste (**uitgang**) | 1 | 4 | 1.9 | 3 |
| 3.7 | Kwynende / gevestigde (**uitgang**) | 1 | 4 | 1.9 | 3 |
| 3.8 | Bemark | 1 | 4 | 1.4 | 2 |
| 3.9 | Is dit ook as die wenveldtog aangewys? √ (**Geen vraagwoord nie en vraagteken verpligtend**) | 1 | 4 | 2.11 | 1 |
| 3.10 | prys / toekenning / eer | 1 | 4 | 3.1 | 4 |
| 3.11 | Die verbruikers van 15 - 34 (**Volledige onderwerp**) | 1 | 4 | 2.1 | 2 |
| 3.12 | Morris sê dat hul selfone hulle aan hul lewenstyl koppel. / Morris sê hul selfone koppel hulle aan hul lewenstyl. | 1 | 4 | 2.9 | 3 |
| 3.13 | Ons moet anders dink as gewoonlik. / Interme van die TV dink / Daar is ook ander moontlikhede | 1 | 4 | 3.1 | 4 |
| 3.14 | denke | 1 | 4 | 1.4 | 3 |

| Vlak | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal vrae | 4 | 7 | 6 | 5 | 0 |
| Totaal moontlike punte | 22 | 22 | 22 | 22 | 22 |
| % | 18% | 32% | 27% | 23% | 0% |
| | | | | | **SUBTOTAAL - 14** |

**Vraag 3 – LEESSTUK**
**Oerkennis hou jakkalsies weg [265 woorde]**

| Vraag | ANTWOORD | Punt | LU | AS | Vlak |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.15 | Fulua se eienskappe / jagmetodes word beklemtoon. | 1 | 4 | 3.2 | 4 |
| 3.16 | oppas | 1 | 4 | 1.4 | 1 |
| 3.17 | 0ud / baie oud | 1 | 4 | 1.4 | 3 |
| 3.18 | fauna | 1 | 4 | 1.3 | 5 |
| 3.19 | hektaar | 1 | 4 | 1.2 | 5 |
| 3.20 | Twee jakkalse is reeds deur Fulua met sy pyl en boog doodgeskiet toe hulle wild wou vreet. / Twee jakkalse is reeds met sy pyl en boog deur Fulua doodgeskiet toe hulle wild wou vreet. (**Enige een**) | 1 | 4 | 2.8 | 3 |
| 3.21 | Onder / Van | 1 | 4 | 2.1 | 2 |
| 3.22 | seer √ / stukkend √ / moeg / deur √ (**Enige een**) | 1 | 4 | 3.1 | 4 |
| 3.23 | koppelteken | 1 | 4 | 2.12 | 3 |
| 3.24 | om te sterf / dood te gaan | 1 | 4 | 2.13 | 2 |
| 3.25 | Die tradisionele bestaan saam met die moderne. | 1 | 4 | 3.2 | 3 |

| Vlak | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal vrae | 1 | 2 | 4 | 2 | 2 |
| Totaal vrae | 11 | 11 | 11 | 11 | 11 |
| % | 9% | 18% | 37% | 18% | 18% |
| | | | | | **SUBTOTAAL - 11** |

**Vraag 3 – STROKIESPRENT**
**Charlie Brown [40 woorde]**

| Vraag | ANTWOORD | Punt | LU | AS | Vlak |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.26 | ’n vrou /’n dame / ongetroude vrou / mejjouffrou | 1 | 4 | 3.1 | 1 |
| 3.27 | huis toe | 1 | 4 | 1.4 | 2 |
| 3.28 | vroeër (**spelling**) | 1 | 4 | 1.6 | 2 |
| 3.29 | Hy vra vir Charlie Brown wat sy gesê het. | 1 | 4 | 2.9 | 2 |
| 3.30 | Het jy nog nooit so ‘n vrot verskoning gehoor nie? | 1 | 4 | 2.10 | 2 |

| Vlak | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal vrae | 1 | 4 | 0 | 0 | 0 |
| Totaal vrae | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 |
| % | 20% | 80% | 0% | 0% | 0% |
| | | | | | **SUBTOTAAL - 5** |
| | | | | | **TOTAAL AFDELING C - 30** |
| | | | | | **VRAESTEL TOTAAL - 70** |